Publication: Burger,DieSaturday(Oos-Kaap) (Sport)
Publication Date: 10 Feb 2018
Page: 14
AVE: 4792.81
Circulation: 8756
Part: 1 of 1

# Proteas: vroue nog vol moed

Marnus Kok

Selfs ná twee vernederende nederlae twyfel die Proteas se vrouekrieketspan steeds nie in sy vermoë nie.

Só het dié span se afrigter, Hilton Moreeng, op die vooraand van die derde en laaste eendagwedstryd vandag teen Indië in Potchefstroom gesê.

Indië het die reeks reeds Woensdag beklink toe hy Suid-Afrika met 'n allemintige 178 lopies in Kimberley geklop het.

"Wat gewoonlik ná twee nederlae gebeur, is dat die spelers in hul eie vermoë kan begin twyfel, maar almal is steeds positief.

"Ons weet daar is baie talentvolle spelers in ons span, en dat ons die skietgoed het," sê hy.

Die Protea-boulers se onvermoë om paaltjies plat te trek en die Indiese kolwers te beperk, is een van die groot kopsere tot dusver. Hulle kon in die twee wedstryde slegs 10 paaltjies laat kantel.

Die SA boulers het veral in die laaste 10 boulbeurte van Indië se kolfbeurt Woensdag kleigetrap toe die besoekers se telling van 196 tot 302 gevorder het. Indië se aanvangskolwer Smriti Mandhana spog boonop met tellings van 84* en 135 ná die eerste twee wedstryde.

Die Suid-Afrikaners kon Woensdag slegs 124 lopies bymekaarskraap, in antwoord op die 302 van die besoekers.

Dalk sou die Proteas ook baat gevind het om soos Indië 'n opwarmwedstryd of twee die week voor die begin van die reeks te speel.

Die Proteas, met die uitsondering van die spelers wat in die Big Bash-liga gespeel het, het wel in die tweede week van Januarie 'n oefenkamp by Tuks se hoëprestasiesentrum in Pretoria gehad.

Die Protea-aanvangskolwer Lizelle Lee het ná Woensdag se wedstryd gesê sy dink nie die span is verroes nie. "Daar behoort nie 'n probleem te wees nie. Daar is baie van ons spelers wat in wedstryde (T20-reekse) oor die wêreld gespeel het."

■ Die twee spanne is Dinsdag in die eerste van vyf T20-wedstryde slaags. Die eerste wedstryd van dié reeks word ook in Potchefstroom beslis.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.